HTS Drostdy

Nuusbrief

Drostdy is 'n Belewenis

Ons staan vir:

Respek, Liefde, Verantwoordelikheid & Trots

22 Junie 2018

Geagte Ouers

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Gedurende die vakansie sal ouers weer, soos die afgelope vyf jaar, vraelyste ontvang om te voltooi. Die vraelyste sal ge-e-pos word - kyk asseblief ook onder u "junk mail", dit beland soms daar as gevolg van die groot aantal e-posse wat gestuur word.

Ondersteun ons asseblief hierin en voltooi die vraelyste.

1. Akademie

Baie geluk aan die onderstaande leerders wat onder die top vyf in hulle graadgroep geëindig het aan die einde van die tweede kwartaal.

Graad 8
Jamie-Lee Jacobs (89,3%)
Carla Botha (91,1%)
Emma Burger (91,3%)
Carla Mostert (92,2%)
Suné Meyer (92,4%)

Graad 9
Zane Bothman (87,7%)
Mia Victor (89,6%)
René Viljoen (90,1%)
Bea Wolfaardt (91,1%)
Cameron Mostert (95,8%)

Graad 10
Shani Smith (90,3%)
Armand van Rhyn (90,9%)
Danique Jacobs (91,6%)
Aliza Rossouw (91,7%)
Mia Ramsauer (93,9%)

Graad 11
Antoinette Steyn (87,1%)
Wynand van Staden (87,9%)
Conrad Kloppers (88,6%)
Talitha Pretorius (89,7%)
Suné Conradie (94%)

Graad 12
Laura-Lynne Brandt (88,7%)
Lisa van Deventer (89%)
Ané Brink (89,9%)
Yvette van der Walt (90,1%)
Corli Ramsauer (94%)

2. UNISA Graad-eksamens & VVA-eksamens (Mei 2018)

Die uitslae van die VVA-eksamens is as volg:

A++ (90%+)
Yvette van der Walt (Eufonium - Graad 6)
Herbst du Plessis (Eufonium - Graad 5)
Susan Viljoen (Slagwerk - Graad 4)

Lof A+ (85% - 89%)
Chané Adonis (Trompet - Graad 4)
Frans Burger (Trompet - Graad 4)
Danique Jacobs (Trompet - Graad 4)
Anja Coetzee (Slagwerk - Graad 3)
Leandré Schutte (Slagwerk - Graad 1)
Heino Erasmus (Slagwerk - Graad 1)

Lof A (80% - 84%)
Francois Engelbrecht (Trompet - Graad 7)
Aaron Harker (Trompet - Graad 7)
Melchior van der Berg (Trompet - Graad 7)
Leana Coetzee (Trompet - Graad 5)
Talitha Pretorius (Trompet - Graad 5)
Stephan Hendriks (Eufonium - Graad 5)
Migal Cronjé (Trompet - Graad 4)
Stéan Engelbrecht - Trompet - Graad 3)
Wouter Mongie (Slagwerk - Graad 3)
Dominique Smit (Slagwerk - Graad 2)
Elmarie Opperman (Tromboon - Graad 1)

Eervolle Vermelding (75% - 79%)
Bianka Gertsner (Trompet - Graad 4)
Bernhardt Müller (Slagwerk - Graad 3)

Die uitslae van die UNISA Graad-eksamens is as volg:

Ererol (90%)
Merize Burger (Tuba - Graad 2)

Lof (80% - 89%)
Bea Wolfaardt (87%) (Eufonium - Graad 2)
Zane Bothman (86%) (Trompet - Graad 2)
Zybian Anders (83%) (Trompet - Graad 1)
Gustav Trautmann (83%) (Trompet - Graad 1)
Egbert Scherman (82%) (Trompet - Graad 1)

Baie geluk aan hierdie leerders met hul mooi prestasies!

3. Dubbele Skooldag (Dinsdag 17 Julie 2018)

HTS Drostdy het op Saterdag 21 Julie 2018 'n sportbyeenkoms te Upington teen Hoërskool Duineveld.

Die volgende ter agtergrond:
* Drostdy het baie rugbyspanne, asook netbal A- tot D-spanne en soms selfs meer.
* Die hokkie het ook tot drie B-spanne.
* Daar was in die afgelope kwartaal baie min geleentheid waar al hierdie spanne kon speel.
* Die skole teen wie ons kompeteer het of nie al die spanne nie, of was net rugbyskole.
* Die behoefte om wedstryde vir al ons spanne te kry, asook om as skool saam deel te neem bly dus dringend.
* Dit beteken dat ons al hoe verder begin reis om wedstryde te speel, soos byvoorbeeld Kimberley en Upington.
* Dit bied van nature sy eie uitdagings.

Hoërskool Duineveld het ons verlede jaar besoek en ons wil graag die bepaling eerbiedig.

* Upington is egter 'n minimum van tien ure se ry vanaf Worcester.
* Die Beheerliggaam laat glad nie toe dat ons busse in die nag ry nie, ek glo ouers sal hul daarin ondersteun.
* Dit beteken dat ons reeds op Vrydag 20 Julie 2018 moet vertrek en dan op Sondag 22 Julie 2018 terugkeer.

* Dit raak ongeveer 380 leerders en ongeveer 40 personeellede wat as afrigters en beamptes saamgaan.
* Met dié hoeveelheid leerders en personeel afwesig, sal die skooldag totaal ontwrig word.

Die gevolg is dat ons die sportbepaling heeltemal moet kanselleer of dat ons 'n ander plan moet maak.

Ons het die volgende plan aan die WKOD voorgelê en dit is goedgekeur:
* Dat ons op Dinsdag 17 Julie 2018 'n dubbele skooldag sal hê tot en met 17:30. (Sien die tye aangeheg.)
* Ons sal dan die akademiese tyd inwerk, sodat ons op Vrydag 20 Julie 2018 die skool kan sluit en reeds vroeg na Upington kan vertrek.
* Ons het dieselfde plan 'n paar jaar gelede baie suksesvol uitgevoer toe ons die SA Toutrek Kampioenskap moes aanbied - die WKOD het toe ook vir ons die groen lig gegee om dit te doen.
* Ons personeel en leerders is bereid om die langer ure skool te gaan, sodat ons kan gaan deelneem.

Ons vra asseblief u ondersteuning in die verband.

4. Oueraand (Maandag 23 Julie 2018)

U kind het vandag sy/haar rapport ontvang. Ons herinner u graag aan die oueraand.

U as ouer **MOET 'N AFSPRAAK MAAK** by mev Lina Visser (Algemene Kantoor) vir elke opvoeder wat u graag wil spreek.

Datum: Maandag 23 Julie 2018
Tyd: 17:00 - 19:00

Die afsprake kan vanaf Dinsdag 17 Julie 2018 gemaak word.

5. Revue (Woensdag 25 Julie 2018 - Vrydag 27 Julie 2018)

Datums: Woensdag 25 Julie 2018 & Donderdag 26 Julie 2018 & Vrydag 27 Julie 2018
Koste: R120-00 per persoon (Onder in die Saal) & R150-00 per persoon (Op die Galery)

Die kaartjies vir die revue is vanaf Maandag 16 Julie 2018 beskikbaar by die Finansiële Kantoor.

MOENIE HIERDIE SPOGGELEENTHEID MISLOOP NIE!!!

6. Winterkonsert (Saterdag 18 Augustus 2018)

Datum: Saterdag 18 Augustus 2018
Tyd: 18:00
Plek: Mountain Mill Mall (Amfiteater)
Gaskunstenaars: Emilio Lorenzo & Robbyn Waters
Koste: R50-00 per Persoon

Plekke moet bespreek word by mev Petro Matthews by (023) 342 2320.

U kan vir u kos by die restaurante bestel.

Kom ondersteun die orkes en geniet 'n lekker gesellige aand!

7. Doktersafsprake & Vervoer van Leerders

Die dokter kom elke Dinsdag om 08:00 skool toe om na die siek leerders om te sien. Leerders wat die dokter wil spreek, moet soggens tydens ontbyt by die personeellid aan diens siek rapporteer. Die personeellid stel die superintendent van die koshuis daarvan in kennis. Die superintendente gee dan die name van al die leerders wat die dokter wil spreek vir mev Lina Visser.

Indien die skool nie in besit is van ‘n leerder se korrekte mediese inligting nie, sal die leerder voortaan NIE weer toegelaat word om die dokter te spreek NIE.

Ons versoek ook ouers om die doktersrekeninge, indien enige, stiptelik te betaal. Die dokters is nie bereid om leerders te spreek wat agterstallige rekeninge het nie.

Indien daar leerders is wat afsprake moet nakom in die middae, word hul om 14:15 na die onderskeie afsprake

vervoer. Hulle word dan weer vanaf 16:30 opgelaai. **Afsprake moet dus in hierdie tydsgleuf gemaak word.**

Geniet die wintervakansie met die kinders by die huis!

Vriendelike Drostdygroete

HOOF & PERSONEEL